# Sojabone sonder grense

Met 'n paar verstellings kan die sojaboonbedryf op meer as een manier ordentlike woema aan die Suid-Afrikaanse landbou gee.

Dit maak nie saak van watter kant die saak beskou word nie; selfs volgens die konserwatiefste vooruitskattings is daar reuse-potensiaal vir die uitbreiding van Suid-Afrika se sojabedryf.

Dít blyk uit die finale verslag van 'n omvattende ontleding van die Suid-Afrikaanse sojaboonwaardeketting deur die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR).

Die NLBR-navorsing spruit uit 'n vroeëre versoek dat die invoertarief op sojaboon-oliekoek verlaag moet word omdat Suid-Afrika 'n netto invoerder van dié produk is. Dit het die Regering laat besluit om eers vas te stel watter uitbreidingspotensiaal die plaaslike bedryf het.

Voorlopige resultate, wat vroeër vanjaar op Graan SA se kongres bekend gemaak is, het reeds getoon dat die land se sojaboonbedryf na 'n blink toekoms kan uitsien. Dít is nou in die finale verslag bevestig (lees "Ruimte vir baie meer" op bladsy 25). Aanbevelings is gedoen oor hoe om te verseker dat ten volle uit daardie potensiaal munt geslaan word.

Die verslagskrywers wys daarop dat sojaboonproduksie wêreldwyd sterk groei. In die dekade sedert 1991 het die wêreld se sojaboonboere jaarliks gemiddeld 4,4% meer geproduseer. Die oppervlakte onder sojabone het jaarliks met gemiddeld 3,2% toegeneem.

Ook pryse het die afgelope dekade sterk gegroei teen gemiddeld 7% per jaar. Internasionale handel in die gewas het met net 'n bietjie minder as 6% per jaar gegroei.

Dié groei word in 'n groot mate aangevuur deur 'n toename in verbruik deur China, die land waar sojabone vandaan kom en waar die gewas al sedert die vroegste tye, lank voor geskrewe rekords, verbou word. China is steeds die grootste verbruiker van sojabone. In 2010 was dié land vir 26% van die wêreldverbruik verantwoordelik, maar het self net sowat 6% van die wêreld se sojabone geproduseer.

**Pryse het die afgelope dekade sterk gegroei teen gemiddeld 7% per jaar.**

Ook in Suid-Afrika styg sojaboonproduksie skerp. In die vyf jaar tot 2010 het boere hul produksie met amper 70% uitgebrei. Dit plaas die land vierde op die ranglys van produksiegroei, ná Uruguay, die Oekraïne en Paraguay.

Nogtans produseer Suid-Afrikaanse boere net 'n skamele 0,3% van die wêreld se sojabone. Hoewel die land nie gewoonlik betekenisvolle hoeveelhede sojabone invoer nie, word gemiddeld 90% van die sojameel wat plaaslik vir veevoer gebruik word, hoofsaaklik uit Argentinië ingevoer (**grafiek 1**).


Teen 2008 het daardie meelinvoer die Suid-Afrikaanse ekonomie al meer as $300 miljoen uit die sak gejaag, en in 2009 net minder as dié syfer (**grafiek 2**). Intussen groei die plaaslike veevoerbedryf se behoefte aan die proteïenryke sojameel steeds. Die afgelope vyf jaar het dit met gemiddeld 9% per jaar toegeneem.

Die land se sojaboonuitvoer het in 2008 skielik die hoogte ingeskiet, vanaf $183 000 die vorige jaar tot $3,7 miljoen. Dié groei is sedertdien voortgesit. In 2009 het die land se sojaboonuitvoer amper $68 miljoen beloop. Die drie top-uitvoerbestemmings is die Verenigde Arabiese Emirate, Indonesië en Saoedi-Arabië.

Die NLBR-navorsers skryf die groei in uitvoer aan die uitbreidings in plaaslike produksie toe, namate die land se boere al hoe meer die voordele van wisselbou met sojabone begin besef. Terselfdertyd het die plaaslike verwerkingsbedryf se vraag na sojabone nie naastenby daarmee tred gehou nie.


Intussen word die plaaslike verwerkingsvermoë nie optimaal benut nie. Net 'n bietjie meer as die helfte van Suid-Afrika se oes word jaarliks in plaaslike volvet-aanlegte vir veevoer gepars, en sowat 37% word tot sojameel en -olie verwerk. Die NLBR-navorsing

**GRAFIEK 1: Gemiddeld 90% van die sojameel wat plaaslik in veevoer gebruik word, word ingevoer. Suid-Afrikaanse sojameelproduksie het sedert 2005 met gemiddeld 20% per jaar gegroei en invoer met gemiddeld 9% per jaar.**




Bron: NLBR

**GRAFIEK 2: Die Suid-Afrikaanse veevoerbedryf raak al hoe meer uitgehonger vir sojameel. Die land se sojameel-invoer het in 2008 die $300 miljoen-kerf verbygesteek. Dit het die afgelope dekade met gemiddeld 14% per jaar gegroei.**




Bron: NLBR

dui op 'n geskatte totale verwerkingsvermoë (in aanlegte wat sojabone en sonneblomsaad kan pars) van 1,1 miljoen ton per jaar, waarvan net sowat 364 000 ton se vermoë die afgelope jare vir die verwerking van sojabone benut is.

Dié skewe stand van sake kan met 'n paar verstellings reggestel word sodat Suid-Afrika ook ten volle uit die groeiende sojaboonbedryf kan munt slaan, meen die verslagskrywers. Produksie moet aangemoedig word, beter kultivars moet ontwikkel word, verwerking moet verbeter en uitgebrei word en aansporingsmaatreëls vir biodiesel-vervaardiging moet ingestel word.

Hulle wys daarop dat ons boere nog nie genoeg hektare aan sojabone afstaan nie, moontlik weens die belegging wat dit verg om sojabone op lang termyn as 'n permanente produksiestrategie tot 'n boerdery toe te voeg. Boere is ook nog nie genoeg bewus van al die voordele wat sojabone as wisselbougewas inhou nie, en daar is steeds 'n gebrek aan kennis oor hoe om dit te verbou.

Die aanbeveling is dat alle boere, van kommersieel tot begunstigdes van grondhervorming en kleinboere, daadwerklik aangemoedig moet word om sojabone as wisselbougewas te plant. "Die potensiaal is daar," lui die verslag.

Om produksie deur nuweling- en kleinboere te stimuleer, moet die private sektor, nie-regeringsorganisasies en die Regering vennootskappe sluit om die nodige voorligtingdienste te verskaf en toegang tot produksiemiddele en infrastruktuur te verseker.

Vennootskappe moet tussen kommersiële en kleinboere bevorder word, en 'n stelsel van kontraktering of ruilhandel tussen sulke boere moet ontwikkel word sodat nuwe sojaboon-saaigrond in ruil vir produksiemiddele en voorligtingsdienste ontwikkel word.

Heelwat sal ook in navorsing en ontwikkeling belê moet word, meen die verslagskrywers, sodat sojaboonkultivars met hoër opbrengste vir Suid-Afrika ontwikkel kan word, of vennootskappe moet met internasionale saadmaatskappye gesluit word wat reeds goed daarmee gevorder het. ▶

**VOORUITSKATTINGS**

## Ruimte vir baie meer

Vooruitskattings van Suid-Afrika se verwagte sojaboonbehoefte teen 2015 wissel van 1,76 miljoen ton tot 3,29 miljoen ton, terwyl die heersende produksie sowat 566 000 ton is, lui die Nasionale Landboubemarkingsraad-verslag oor die land se soja-waardeketting.

Vir 1,76 miljoen ton (teen 1,9 ton/ha) sal 'n beraamde 925 839 ha (121% se uitbreiding oor die volgende vyf jaar) nodig wees en vir 3,29 miljoen ton sowat 1,7 miljoen ha (verdriedubbeling van die heersende sojaboonhektare oor die volgende vyf jaar).

Dit impliseer aansienlike markruimte vir die uitbreiding van produksie, en omdat die ideaal sou wees dat die land al sy sojabone self verwerk, ook vir verwerkingsvermoë.

Dit is veral belangrik omdat sojameel tans een van Suid-Afrika se grootste landbou-invoerprodukte is, lui die verslag.

Groter sojaboon-aanplantings sal meebring dat hektare veral van mielies weggeneem word, waarvan Suid-Afrikaanse boere 'n chroniese oorskot produseer.

As net die hektare waarop 'n oorskot mielies geproduseer word, na sojabone geswaai word, is 'n beraamde 886 406 soja-hektare beskikbaar, lui die verslag.

Berekenings gegrond op die droëland-hektare wat vir sojaverbouing in 'n wisselboustelsel geskik is, dui op 874 528 ha wat vir sojaproduksie beskikbaar is.

'n Ondersoek deur die Universiteit van Pretoria, wat deur die Proteïennavorsingstigting gefinansier is, het selfs meer beskikbare grond geïdentifiseer: Altesame 2,6 miljoen ha onder besproeiing en op droëland.

Wat verwerking betref, sal vermoë meer as moet verdubbel om in die minimum verwagte behoefte aan sojameel en -olie teen 2015 te voorsien, lui die verslag.

